Tema: Gebruik die Lig van God se genade om jou hele lewe te verlig en geen plek meer te laat vir donkerte of sonde nie!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Sb 1- 2: 1, 2, 3
Lied 190: 1, 3

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps 113 - 1: 1, 2
Votum
Seën
Loflied: Ps 118 - 2: 1, 7, 8
Geloofsbelydenis: Geloofsbelydenis van Nicea

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Eks 20:1 - 2 en HK Vraag 94 en 95
Sing Ps 53 - 2: 1, 2, 6
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Kindervolgstuk – Skyfie van Lig op die Pad
Skriflesing: Jesaja 6 met fokus op verse 5 en 6
Matteus 13: 1 - 23; Teksverse: 10 - 18
Sing: Lied 169: 1, 2, 3 (Kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Sing: Sb 2 - 4: 1, 3
Seën
Amenlied: Sb 13-1

Ons het verlede week met die genesing van die blinde man van Betsaida die wonderlike genadeboodskap gehoor dat Jesus ons oë oopmaak sodat ons Hom kan sien vir Wie Hy werklik is. Dit is asof Jesus ŉ gordyn voor ons oë ooptrek sodat sy Lig ons lewe kan verlig!

Vanmore, geliefde brs en srs en kinders, leer die Here ons dat hierdie Lig van God se genade en redding ons hele lewe moet verlig en ons moet dit gebruik om alle donker plekke (sonde) in ons lewe mee uit te wis. Ons het immers gehoor dat ons sonde ons blind kan maak vir die Here. Ons kan weer die gordyn wil toetrek. Soos Paulus ons ook leer dat ons as kinders van God die Gees van God bedroef omdat ons in donker (sonde) wil bly leef!

Daarom fokus ons vanoggend op die effek van "siende oë" en "helder Lig" op ons eie sonde en wat ons dan daarmee moet doen! Die Here rig 'n ernstige waarskuwing wat kan gebeur as mense sonde bly koester en hulle nie na die Lig bekeer nie.

Daarom is die tema van die preek vanmore: Gebruik die Lig van God se genade om jou hele lewe te verlig en geen plek meer te laat vir donkerte of sonde nie!

Hierdie boodskap kom uit Jesaja 6 met daardie wonderlike visioen-gebeurtenis waar die Here Hom aan Jesaja openbaar en ook uit Matteus 13 waar Jesus hierdie gebeure in Jesaja 6 toepas op sy verkondiging aan ons!

Kom ons kyk eers na Jesaja 6. Jesaja se inleidingswoorde is belangrik: "In die jaar van koning Ussia se dood het ek die Here gesien". Ons lees van koning Ussia se regering in 2 Kron. 26. Hy was maar 16 jaar oud toe hy koning van Juda in Jerusalem geword het. En hy het aanvanklik baie gehoorsaam na die Here geluister deur wat die profeet Sagaria vir hom gesê het en die Here het sy koningskap met mooi dinge geseën.

Maar op die hoogtepunt van sy mag en roem het Ussia hoogmoedig en selfvoldaan geword en het hy ongehoorsaam aan die Here geword. Hy wou self offers in die tempel bring en net daar in die tempel tref die Here hom met melaatsheid. Koning Ussia word uit die gemeenskap gedryf en sterf ŉ eensame en tragiese dood.

Teen die agtergrond van hierdie tragiese geskiedenis van nog ŉ koning wat ongehoorsaam was en die volk en die Here gefaal het, openbaar die Here Hom in hierdie aangrypende visioen aan Jesaja. Jesaja sien die Here God op die troon van die wêreld sit met al sy heerlikheid en mag! Die hemelwesens wat God omring en deurentyd God se roem en eer besing met "Heilig, heilig, heilig is die Here, die Almagtige". Hierdie heerlike lig van God se regering en heiligheid het oor die hele aarde geskyn.

Geliefdes, die Here openbaar dat Hy regeer – ten spyte van aardse konings wat faal – bly die Here regeer en Hy sorg vir sy volk! Hy is die Almagtige – Hy het alle mag en krag in die hemel en op aarde en Hy regeer oor ons lewens. En meer nog: Hy wat heilig is en dus sonder sonde is, wil dat sy volk ook heilig moet lewe! Hulle moenie hulle sondige konings se voorbeelde volg nie! Hulle moet die Here in gehoorsaamheid dien! Dit was God se boodskap aan Israel - oor en oor en weer en weer deur al die profete!

Hierdie heerlike en kragtige openbaring van God in sy mag en heiligheid, het 'n geweldige impak op Jesaja. Kyk sy reaksie in vers 5: Dit is klaar met my! Ek is verlore! Ek is sondig en ek woon tussen sondige mense! En nou het ek die Here gesien en gaan ek sterf! Die Here het immers die volk geleer dat Hy so heilig en heerlik is dat geen mens – vanweë ons sonde - Hom kan sien en bly leef nie!

Jy sien, br en sr: die oomblik wanneer God Hom aan ons openbaar en die lig van sy Woord op ons val, dan skyn daardie lig so helder in ons lewe dat al die donker plekke van ons sonde aan die lig kom! Dan word ek bewus van wie ek is en hoe die sonde my lewe verwoes! Dan is ons soos die blinde man van Betsaida wat na Jesus se tweede genesing na jare se blindheid en donkerte, alles helder duidelik kon sien!

Dis waarom Jesaja in angs wegkrimp! Hoe kan ek met my sonde voor die heilige en magtige God staan? Skielik skyn die Here se lig in al die donker hoeke van my lewe en besef: ek is vol sonde! En my sonde maak my onwaardig om voor die Here te staan!

Maar geliefdes, die genade van God oor sondaarmense is groot! Want elkeen wat so in die lig van God se heerlikheid staan en sy of haar sonde besef en weet dat jy onwaardig is om God te dien, ontvang genade en vergifnis!
Ons lees in vers 6: Die Here stuur 'n engel met 'n tang en die engel vat 'n kool van die altaar en raak Jesaja aan en dan hoor Jesaja: jou sonde is vergewe! Jy is nou rein en skoon sodat jy voor God kan staan en God se lig en sy heerlikheid kan sien en daarin kan leef!

Hierdie kool kom van die altaar in die tempel waar daar offers gebring is om versoening te doen vir die volk se sonde! Hierdie altaar is die Ou Testamentiese simbool van God se versoening wat volmaak deur Jesus Christus gedoen sou word! Die Here Jesus sou sy lewe aan die kruis kom offer sodat God my en jou sonde kan vergewe! Dat ons die Lig van God se genade en heerlikheid kan sien en in die lig van God se heerlikheid kan leef!

Dit is wat Jesus kom doen het! Hy het ons oë vir hierdie lig van God se genade kom oopmaak! Dit is waarmee Hy in Matteus 13 besig was! Kom ons kyk daarna:

Hy was besig om die Lig van God aan mense te bring deur sy prediking! En soms het Hy hierdie lig gebring deur gelykenisse te vertel.

ʼn Gelykenis is mos ʼn storie wat Jesus vertel om die waarheid van God se Woord oor te dra! So vertel Hy hier van iemand wat op land saad gaan saai! Hierdie saad is die Woord van God wat aan mense verkondig word! En in die storie is daar 4 verskillende reaksies op die saad wat op die grond val. Voor Jesus dit verder kan verduidelik, vra die dissipels Hom hoekom Hy van stories gebruik maak wanneer Hy vir die mense preek?

En dan kom die wonder van God na vore. Dieselfde wonder wat God aan Jesaja leer. Eintlik ʼn onverstaanbare wonder! Jesaja wat so opgewonde was om die Woord van God aan die volk te verkondig! Hier is ek Here, stuur my! Ek sal vir almal gaan vertel van U heerlikheid en heiligheid wat die hele aarde vul!

Maar God gee vir hom ʼn vreemde en swaar opdrag: Hy moet deur sy prediking die volk se “ore toestop” en hulle “oë blind” maak! Hulle moet sien maar nie regtig sien nie, hulle moet hoor maar nie verstaan nie!

Hoekom hierdie harde opdrag? Want God het sy Woord al keer op keer aan die volk verkondig! Profeet na profeet het vir konings en die volk kom leer om die Here te gehoorsaam en in die Lig te lewe! Hulle is geleer om nie te sondig nie maar die Here te gehoorsaam! Maar hulle wou nie hoor nie! Dis waarom die Here die volk uiteindelik gestraf het deur hulle in ballingskap te stuur! Dat ʼn vreemde volk hulle oorwin en hulle as slawe na Babel gaan en die land verwoes word!

Jesaja se prediking moes dus die lede van die volk wat nie wou hoor nie, verder blind en doof maak! En dit is ook waarom Jesus gelykenisse vir die mense vertel! Want ook in sy tyd is daar mense wat Hom sien en hoor en tog nie glo nie! Mense wat verhard in hulle ongeloof en die Lig van God se Woord in hulle lewe wil laat skyn nie! Wat Jesus nie as Verlosser wou aanvaar en in Hom wou glo nie! Hulle sal nie die gelykenisse verstaan nie! Hulle sal hoor en tog doof bly, hulle sal sien en tog blind wees vanweë hulle volhardende ongehoorsaamheid!

Dit ten spyte van God se genade! Die Here beloof aan Jesaja in vers 12: wanneer hy die boom van Israel afkap sal daar weer ʼn uit die afgekapte stomp ʼn loot verskyn! En dit is presies wat gebeur wanneer Jesus kom! Hy gee in sy genade dat mense kan sien en in die Lig kan lewe!

Hoor wat sê Jesus vir sy dissipels: “Ek het aan julle die voorreg gegee om om oë te hê wat sien en ore wat hoor! Julle is die loot uit die stomp van Israel, Julle is die nuwe geslag van gelowiges wat die heerlikheid van God sien”. Hierdie heerlikheid is Jesus Christus! Hy is God en Hy is die Seun van God wat versoening kan doen en Hy bring

God se lig na hierdie wêreld! Hy doen dit deur sy prediking en wanneer Hy ŉ storie gebruik dan gee Hy aan sy volgelinge die genade om te te verstaan!

Maar hulle wat hoor en in hulle ongeloof volhard – vir hulle maak die storie nie sin nie! Hulle hoor – soos die volk van ouds – maar verstaan nie! Hulle sien soos die volk van ouds deur Jesaja se oë die heerlikheid van God, maar hulle luister nie en hulle bekeer hulle nie!

Want kyk mooi br en sr! Luister na die storie wat Jesus vertel! In die storie val die saad van die Woord van God eerstens op die pad. Daar kan dit nie groei nie, want die Bose, Satan, kom en vat dit uit die harte van hulle wat nie glo nie en nie verstaan nie! Dit is wat Jesus bedoel het toe Hy in Matteus 13: 12 gesê het dat “die wat ŉ bietjie het, van hulle sal dit weggeneem word!” Want Satan bring duisternis.

Die tweede plek waar die saad van God se Woord val is op klipbanke. Dit is mense wat die Lig van God neem en dit deel van hulle lewe maak, maar sodra daar swaar tye en vervolging kom, dan trek hulle ŉ gordyn voor hulle oë en maak dit weer donker in hulle lewe! Dit is te moeilik om die Here te dien.

Die derde plek waar die saak van die Woord val is tussen onkruid! Die Here bring lig in mense se lewe, maar die dinge van die lewe – soos bekommernisse, kleingeloof en die verleiding en versoekinge van die wêreld - verstik die saad en maak dit donder in hulle lewe!

En dan – in die vierde plek - is daar die saad wat in die goeie grond val: die lig skyn in hulle lewe en hierdie mens neem die lig en laat dit hulle hele lewe verlig sodat hulle in geloof en gehoorsaamheid aan die Here leef en so ŉ groot oes vir die Here oplewer?

Sien jy en hoor jy mooi br en sr? Dit is wat gebeur het met die volk van ouds! Die saad van die Woord van God het op die pad geval, tussen die klippe en die onkruid! Die heerlike visioen van God se heerlikheid en koningskap wou hulle nie sien of hoor nie! Daarom moes Jesaja se prediking hulle blind en doof maak! Jesus sê: dit gebeur ook met die mense wat na Hom luister en Hom nie in Hom as God se Lig vir die wêreld wil glo nie.

Geliefde br en sr: ek en jy is ongelooflik bevoorreg: Jesaja en baie van die mense van die Ou Testament sou wat wou gee om Jesus te kon sien en sy Woord te hoor! Ek en jy het Hom gesien en ons het Hom gehoor en Hy het aan ons oë gegee om te sien! Ons kon in die geloof sy offer aan Golgota sien en ons kon Hom sien opstaan en opvaar na die hemel waar Hy nou saam met God op die troon sit. Ons kan die gelykenisse verstaan en daarin glo!

Maar nou is die vraag: Hoe laat ek en jy hierdie Woord in ons lewe grondvat? Hoe laat ons die Lig van Jesus Christus ons lewe verlig? Gebeur met ons wat met Jesaja

gebeur het toe hy God op die troon sien sit het? Of wil ons die Lig uitdoof sodat ons sonde nie aan die Lig kan kom nie!

Geliefdes, moenie dink dat ek en jy nie ook ŉ teiken van Satan is wat God se Woord uit ons lewe wil haal nie! Daar is beproewinge en versoekinge en verleidinge van die wêreld wat die donker in ons wil koester! Wat die gordyn toetrek sodat die Lig kwyn.

Dat ek myself oortuig dat my lewe eintlik OK is. Dat ek my soos Ussia teenoor die Here verhard. Ek hoor wat die Here oor die sonde in my lewe sê, maar ek wil my nie bekeer nie! Ek verstaan van die eerste gebod – maar tog stel ek my vertroue op allerhande ander dinge om geluk in my lewe te bring.
Ek verstaan die derde gebod en tog is lief om die naam van die Here te misbruik. Dis tog soos die wêreld praat – daarom kan ek ook.
Ek ken die sesde gebod en tog maak ek mense dood met my gedagtes en woorde!
Ek ken die sewende gebod en tog maak ek soek ek na seksuele bevrediging op allerhande verkeerde maniere! Ek hoor wat God oor die huwelik sê – maar ek het my eie idee daaroor. Want die mense van die wêreld leef so!

Ek begin wêreldse maatstawwe gebruik om die donker in my te regverdig! Maar almal maak so! Dit is hoe die wêreld vandag is! Of ek oortuig myself dat ek nie anders kan nie: ek moet nou maar hierdie stukkie sonde of bietjie donker in my koester – want dit is hoe ek wil lewe! Ussia wat self die offers wil bring! Ek wil self besluit wat reg of verkeerd is! So doof ek die Lig uit en trek ek die gordyn toe!

Die Here leer ons dat ons as kinders van God, ons in wie die Heilige Gees woon dat ons die Gees se werk in ons lewe kan weerstaan! Dat ons die Gees kan bedroef omdat ons sonde en donkerheid wil koester!

Daarom die dringende waarskuwing: as ek en jy aanhou om die Lig uit te weer, om die gordyn in ons toe te trek omdat ons kies om aan God ongehoorsaam te bly, dit kan gebeur dat God se Woord dan ook nie meer lig bring nie, maar donkerte! Nie meer begrip en bekering nie, maar verharding en wat daarop kan volg! Dat ek die storie nie meer verstaan nie! Dat ek weer begin blind word!

Daarom, geliefdes, kom ons gebruik die Lig van God se genade om ons hele lewe te verlig! Dat ons soos Jesaja in die helder lig van God ons eie sonde besef en smag na genade! En soos wat ons hierdie genade in Jesus Christus ontvang, soos wat Hy ons oë oopmaak en die saad van sy Woord in harte saai, dat ons al die donker kolle uit ons lewe weer, alles waarmee Satan die saad kan steel, wegneem, sodat ons die heerlike vrug van die oes vir Christus kan lewer: tot honderdvoudig! Tot eer van God op sy troon.
Amen